U.K. **VERGADERING** GEHOU TE BLOEMFONTEIN OP
22 JUNIE 1960.

---

B U I T E L A N D.

16. REGLEMENT, WESTELIKE RAAD: Hierdie saak sal so spoedig moontlik afgehandel word.

17. KAMOTO HOSPITAAL: Die Sekretaris deel mee dat verlof tot bou verleen is nadat die Alg. Sendingsekretaris die saak plaaslik ondersoek en mededelings gedoen het. Die eerste £1,000 is alreeds op sy versoek aan Eerw. Hoffman aangestuur.

18. AANBOD MNR. N.F. BOTHA: Met waardering word kennis geneem van die aanbod van Mnr. Botha i.v.m. die bou van die hospitaal te Kamoto.

19. DIE BEIT TRUST word ook i.v.m. moontlike finansiële ondersteuning genader.

20. WATERVOORSIENING MADZIMOYO: Die vergadering keur goed dat 'n bedrag van £100 i.v.m. watervoorsiening op Madzimoyo geskenk word.

21. MEJ. M. HÜSSELMANN, ONGESTELDHEID: Die vergadering neem met leedwese kennis van Mej. Hüsselmann se ongesteldheid en keur goed die handelwyse van die wnde. Alg. Sendingsekretaris in dié verband.

Ds. P.S.Z. Coetzee sluit met gebed.